TERPSICHORIA

CONVENOR'S RAPORT 1934.

Die eerste jaar van Terpsichoria se bestaan was blykbaar volgens die opinie van alle belangstellendes, bestaande uit lede en ondersteuners sowel as buitestaanders, 'n groot sukses. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat daar nog baie tekortkominge is en dat Terpsichoria nog ver van volmaak is.

Die sukses waarmee Terpsichoria in die eerste jaar van sy bestaan mee bekroon is kan toegeskryf word aan verskeie feite. Die eerste en waarskynlik die vernaamste is dat dit 'n groot leemte in die studente gemeenskap van Stellenbosch opvul of help opvul, 'n leemte wat al jare lang bestaan Om praktiese bewys hiervan te lewer kan maar net gemeld word dat daar vir die laaste twee danse aan minstens vyftien persone per dans besondere kaartjies geweier moes word, en dat vir die ander danse behalwe die eerste, die aanvraag vir kaartjies ook altyd groter was as wat die bestuur dit wenslik geag het om toe te staan. Terpsichoria sal dus ook van nou af meer as ooit tevore help skree, „Ons wil 'n saal hê"!

'n Ander feit wat tot die sukses van die klub bygedra het is dat die weg vir Terpsichoria gebaan is deur ander dergelike onoffisiële klubs waarvan Terpsichoria eintlik 'n uitvloeisel is.

'n Verdere faktor van glad geen geringe aard is dat 'n groot groep van die doserende staf van die Universiteit van Stellenbosch, bestaande uit ons geagte president, vice-presidente en ander persone, die klub so getrou ondersteun het, daadwerklik sowel as moreel. Hierdie persone sowel as studente-lede en ander ondersteuners van die klub het daartoe bygedra dat daar binne Terpsichoria 'n aangename atmosfeer ontstaan het wat so te sê uniek is en wat deur buitestaande persone met niks anders as lof oorlaai word nie.

Nou verwant hieraan is nog 'n ander punt wat ook aangeraak kan word. Ons vind dat op Stellenbosch die studente baie min met lede van die doserende staf in aanraking kom op sociale gebied. Dit is 'n onwenslike toestand van sake en Terpsichoria help bepaald om dit

uit die weg te ruim. Die studente-ondersteuners maak egter glad nie genoeg gebruik van hierdie gulde geleentheid wat hulle gebied word om met 'n groot groep van die doserende staf in aanraking te kom nie. Dit is iets wat die meeste studente nie van bewus is nie en wat bepaald hulle aandag werd is.

Gedurende die eerste jaar van sy bestaan het die klub ses danse georganiseer en oor die algemeen gespreke kan gesê word dat die orkeste wat vir die geleenthede bespreek was, dansmusiek van 'n hoë gehalte gelewer het.

Op een geleentheid was daar ook 'n dansdemonstrasie gegee wat gereël was deur Mej. S. Spencer. Sy was so goed om dit kosteloos te doen en ons bly haar baie dank verskuldig. Ek wil die hoop hier uitspreek dat daar in die toekoms meer dergelike nuwighede ingevoer sal word. Dit sal tot die vooruitgang van die klub bydra.

Voor die laaste dans was die finansiële toestand van die klub so goed dat daar moes besluit word of daar nog twee gewone danse sou gegee word d.w.s. sewe altesame en of op die laaste dans wat dan as jaarlikse funksie van die klub sou dien, verversings gratis bedien sou word. Omstandighede in ag genome het dit wenslik geblyk om laasgenoemde te doen en volgens mededelings was dit 'n groot sukses.

Na aanleiding van die onderstaande Inkomste en Uitgawe Rekening van die klub vir die afgelope jaar is dit duidelik dat die klub se finansiële toestand ook buitengewoon gesond is. Dit kan trouens ook afgelei word uit die feit dat die klub instaat was om verversings gratis te bedien op die laaste dans.

## INKOMSTE EN UITGAWE REKENING VIR DIE JAAR 1934.

**Uitgawes.**

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| Skryfbehoeftes | £ - | 18 | - |
| Drukwerk | 8 | 19 | 3 |
| Slegte Skulde | 1 | 2 | 6 |
| Verversings(Orkeste) | 5 | 1 | 3 |
| Saal (Huur) | 3 | 15 | - |
| Orkeste (Huur) | 52 | 13 | - |
| Verversings vir laaste dans. | 8 | 6 | 6 |
| Telefoon | - | 13 | - |
| Verversings (Kom.) | - | 9 | 7 |
| Conv.& Sekr. fooie | 6 | 15 | - |
| Deurwagters | 3 | 9 | - |
| Bediening op laaste dans | 1 | 5 | - |
| Gemeng | - | 10 | 1 |
| Balans van Inkomste oor Uitgawes | 1 | 2 | 10 |
| | £ 95 | - | - |

**Inkomste.**

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| Advertensies | £ 1 | 5 | - |
| Subskripsies en Donasies | 38 | 11 | - |
| Besondere Kaartjies | 53 | 14 | - |
| Verversingsreg | 1 | 10 | - |
| | £ 95 | - | - |

Hier kan net melding van gemaak word dat die inkomste van die verversingsfooi hoër moes gewees het en die uitgawe, ten opsigte van verversings vir die orkes laer. Vir die laaste twee danse was dit egter so gereël dat die een vir die ander betaal het, sonder dit in die finansiële boeke van die klub aan te teken.

Die bestuur se werksaamhede het oor die algemeen vlot gegaan. Moeilikhede het egter nie altyd ontbreek nie. Afgesien van die feit dat sommige bestuurslede nie altyd hulle pligte getrou nagekom of kon nagekom het nie was daar ook nog ander faktore wat die organisasie werk baie moeiliker gemaak het.

Een van die groot struikelblokke was, en sal in die toekoms nog wees, dat die Conservatoriumsaal nie meer as veertien dae voor die tyd bespreek kan word nie. Dit is die reëling wat ten opsigte

van alle studente liggame geld. Aan die anderkant het ons egter weer die voordeel, wat van groot betekenis is, dat ons die saal kan kry teen 'n geringe bedrag van 12/6. Omstandighede, waarop nie ingegaan sal word nie, is nou eenmaal so, en tereg ook, dat indien ons die saal meer as veertien dae vooruit wil bespreek ons verplig sal wees om vyf of ses ghienies te betaal wat met die lae subskripsies van laaste jaar natuurlik buite die kwessie was. Dit sou rofweg 'n addisionele uitgawe van £25 beteken het.

Hieruit spruit vernaamlik twee moeilikhede. Eerstens kan ons, ons geagte President en Vice-Presidente nie meer as veertien dae vooruit kennis gee van danse nie, wat eintlik 'n te kort tydperk is. Tweedens kan ons nie altyd 'n goeie orkes in die hande kry nie omrede meeste dan al bespreek is. Ander organisasiewerk moet dan ook binne hierdie kort tydperk gedoen word. Laasgenoemde is egter nie so 'n groot probleem nie.

Was dit nie vir artiekel 7 (g), wat hier onder volg, dan sou die bestuur dit seker baie swaar gevind het, soms seker onmoontlik om aan te gaan met sy werksaamhede.

Artiekel 7 (g). Indien daar geen kworum is op 'n vergadering nie, dan kry die bestuur ipso facto volmag om alle sake wat voor die vergadering sou gelê word, finaal af te handel. Vir 'n bestuursvergadering is 'n kworum bestaande uit twee-derdes van die bestuurslede 'n vereiste.

Behalwe die stigtings vergadering en die daarop volgende vergadering was daar nog nooit 'n ander persoon of lid behalwe die bestuurslede, by 'n vergadering van lede nie. Moet dit nou as betreurenswaardig beskou word omrede daar blykbaar 'n tekort aan belangstelling is by die lede of moet ons dit interpreteer as 'n bewys van absolute vertroue in die bestuur of is dit alby?

Siende dat ons waarskyblik nie in die nabye toekoms 'n saal sal kry nie en ook nie 'n nuwe vloer in die Conservatoriumsaal nie, behoort die betrokke liggaam genader te word met 'n versoek om die vloer 'n bietjie te repareer en gelyk te maak.

Ten laaste voel ek my verplig om 'n onaangename punt onder die aandag van die lede te bring naamlik dat Terpsichoria onverdiende en onregverdige teenstand van die Koshuis-komitee moes ondervind. Voordat ek die toestand van sake hier weergee wil ek eerstens nadruklik daarop wys dat ek nie hier probeer om persoonlik teen enige persoon of liggaam uit te vaar nie. Onderstaande is suiwer 'n weergawe van blote feite en logiese gevolgtrekkings wat daarop gebaseer is.

Aan die einde van verlede jaar het die S.V.R. besluit om 'n buitengewone gala-week te organiseer. Die fondse wat gedurende die tyd sou versamel word sou in die Voortrekker-Monument-fonds gestort word. Onder andere het die gala-week-komitee, die bestuur van Terpsichoria offisiëel gevra om 'n dans te rëel gedurende gala-week, wat die dae tussen die 1ste en 8ste Des. 1934 insluitende genoemde datums beslaan het, as deel van die feestelikhede.

Terpsichoria was maar te gereed om in die opsig te probeer bydra tot die sukses van die feestelikhede wat vir 'n goeie doel georganiseer was en wat van groot advertensie waarde vir die Universiteit van Stellenbosch sou wees.

Die versoek was aan Terpsichoria gerig in die eerste week van Nov. 1934 en op die tydstip was die toestand van sake as volg. Volgens grondwet moes die bestuur van Terpsichoria nog een dans rëel vir die lede en wel in die vorm van 'n jaarlikse funksie. Om die dans as deel van die gala-week feestelikhede te rëel sou vir die studente massa van so te sê nul en geen waarde gewees het nie, omrede daar aan baie min buitestaandes d.w.s. nie-lede, toegang tot die dans sou kon verleen word nie. Die bestuur het toe besluit om indien moontlik, en die bestuur het ook alles in sy vermoë gedoen om dit te probeer moontlik maak soos duidelik sal blyk uit onderstaande, 'n ekstra dans te rëel in gala-week. Hieruit het noodwendig gevolg dat die bestuur verplig was om die jaarlikse funksie van die klub voor gala-week te rëel omrede twee danse gedurende gala-week te veel van 'n goeie ding sou wees en ook markties onmoont-

lik was. Afgesien hiervan was die bestuur verplig om die jaarlikse funksie van die klub voor gala-week te organiseer omrede van die lede miskien al voor gala-week van Stellenbosch sou vertrek. Daar was dus net twee moontlike datums vir die dans en dit was Vrydag 23 Nov. en Vrydag 30 Nov.

Op die stadium het Prof. C. G. W. Schumann, Voorsitter van die Kinder Welvaart Vereniging en Vice-President van Terpsichoria die bestuur vriendelik versoek om nie die dans op die 30ste Nov. te hou nie omrede Herr Endler 'n musiek-aand sou gee op daardie datum ten behoewe van die Kinder Welvaart Vereniging. Die bestuur het die versoek sonder aarsel toegestaan omrede die lede van mening was dat daar 'n ander uitweg was wat met so min moontlike ander belange bots. Vrydag die 23ste Nov. was volgens die mening van die bestuur buite die kwessie omrede dit binne die tydperk van die eksamens geval het. Dit laaste offisiële dag vir eksamens was Woensdag die 28ste Nov. en dus was die bestuur se aandag gevestig op Woensdag en Donderdag die 28ste en 29ste Nov. respektiewelik.

Nou moet die belanghebbendes daarop gewys word dat een van die dames koshuisreëls betreffende dans hierop neerkom dat dames, met nog ander bykomende beperkinge wat hier nie van krag is nie, toegelaat sal word om te gaan dans as dit op 'n Vrydag aand of aande is wat publieke vakansie dae voorafgaan. Die ratio van die reël is dat die volgende dag nie 'n akedemiese dag moet wees nie want baie mense het nie as hulle die aand gedans het 'n te aktiewe brein die volgende dag nie. Dit is ook soos die Voorsitter van die Senaat, Dr. R. W. Wilcocks dit interpreteer. Volgens sy mening was dit in orde as die dames uit koshuise op die 28ste en 29ste sou gaan dans maar om seker te maak het hy ons aangeraai om met die Voorsitter van die koshuiskomitee naamlik Dr. E. Stegmann in verbinding te tree wat ek ook toe per telefoon gedoen het. Dr. E. Stegmann het my meegedeel dat die reël lees „publieke vakansie" dae en dat die 28ste en 29ste nie publieke vakansie dae is nie as ook dat hy nie die

reëls kan verander nie daar die enigste liggame wat dit kan doen die Vice-Kanseliers Komitee en /of die raad is. Dr. Stegmann het dus verkies om die reël volgens die letter en nie volgens die gees waarin dit opgestel is nie te interpreteer.

Die letterlike interpretasie kom dus blykbaar hierop neer dat dames-koshuis-studente nie op 'n aand kan gaan dans as die publiek nie die volgende dag saam met hulle vakansie hou nie. Ook moet die leser daarop gewys word dat die dames kon huistoe gaan net na die eksamens indien hulle dit sou verkies maar hulle mag nie gaan dans nie.

Prof. F. E. J. Malherbe is toe as President van die Klub versoek om 'n vriendelike woordjie by Dr. E. Stegmann te gaan doen vir ons. Dr. E Stegmann het egter nog geweiër en gesê dat hy nie die reëls kan verander nie want dan sal die studente in toekoms met nog allerhande ander versoeke kom soos b.v. of hulle gedurende bloktyd of eksamentyd of weeksaande mag gaan dans. 'n Dergelike versoek behoort nie toegestaan te word nie want bloktyd sowel as eksamentyd is in die gees nog akedemiese dae. Terselfder tyd moet egter daarop gewys word dat Dr. E. Stegmann aan die hand gegee het dat ons die dans op die 23ste moes gee d.w.s. gedurende eksamentyd. Dit is amper onnodig om te meld dat die inhoud van die wenk direk bots met die inhoud van die beswaar wat Dr. E. Stegmann geopper het soos hierbo uiteengesit.

Terloops kan hier melding gemaak word van die feit dat Dr. Stegmann al in die verlede kennis gegee het van 'n verandering van koshuisreëls wanneer daar 'n groot mate van indirekte bewys was dat die veranderings nie formeel deur die Vice-Kanseliers Komitee of die Raad bekragtig was nie. Dit is 'n punt wat hier van belang is.

Die bestuur het toe besluit om Dr. E. Stegmann te versoek om 'n afvaardiging van Terpsichoria 'n onderhoud toe te staan. Daar is toe telefonies deur my om 'n onderhoud gevra en dit is ons geweiër. Toe ek Dr. E. Stegmann op 'n beleefde en vriendelike wyse daarop wou wys dat sy standpunt sover ons dit kan agter kom ongegrond is het

hy die telefoon in my oor afgebel.

Ook die Voorsitter van die S.V.R. Mnr. B. Havermann kon niks aan die saak doen nie en toe is 'n brief aan die Voorsitter van die Senaat geskryf wat toe met die Voorsitter van die Kinder Welvaart Vereniging onderhandel het en dit so gereël het dat ons die dans op die 30ste Nov. kon hou. Ons is die genoemde Voorsitters baie dank verskuldig vir hulle hulp. Self wou ons nie met die Kinder Welvaart Vereniging onderhandel nie daar ons klaar aan hulle beloof het om nie die dans vir die 30ste te reël nie.

Dit, in kort, is die feite wat ek my verplig voel om aan die belangstellendes en lede van Terpsichoria mee te deel. As dit was dat Terpsichoria met 'n onredelike versoek wat die verontagsaming van reëls sou genoodsaak na Dr. E. Stegmann gegaan het dan sou 'n mens nog deels sy handelswyse kon verstaan. Die versoek was egter hoegenaamd nie van so 'n aard nie, dit was alleen 'n versoek dat die bestaande reël moes interpreteer word in die gees waarin dit opgestel was.

Ten laaste kan nog daarop gewys word dat al die moeite gedoen was om ander liggame te gemoet te kom en dat Terpsichoria self alleen 'n klein mate van indirekte voordeel daaruit sou kry. Dit raak dus feitlik nie net Terpsichoria nie maar die hele studente gemeenskap asook ander buitestaande persone.

Hier kan net gemeld word dat die deel van die raport behandelende die Koshuiskomitee geplaas sal word in die Student indien die redakteur dit wenslik ag om sodoende Dr. E. Stegmann 'n geleentheid te gee om sy handelswyse te verduidelik asook sy standpunt wat nie juis in alle opsigte duidelik is nie.

Ten slotte wil ek net al die persone wat tot die sukses van Terpsichoria bygedra het, en veral my mede-bestuurslede hartlik bevank vir hulle hulp. Ook wil ek die hoop uitspreek dat Terpsichoria in die tweede jaar van sy bestaan minder moeilikhede sal deurmaak en met nog groter sukses bekroon word.

(Geteken) G. J. Pienaar,
(Convenor).